

UITGAWE 193  
EDITION 193

Afrikaans  
English



## Dis Wêrelddag vir Hardop Lees!

Elke jaar, op die eerste Woensdag in Februarie, word Wêrelddag vir Hardop Lees oor die hele wêreld heen gevier deur mense wat passievol oor lees en stories is. Elke jaar neem Nal'ibali deel aan hierdie feesvieringe om alle Suid-Afrikaners aan te moedig om hul reg uit te oefen om stories te lees en te deel in 'n taal wat hulle verkies.



## It's World Read Aloud Day!

Every year, on the first Wednesday of February, World Read Aloud Day is celebrated by people from all over the world who are passionate about reading and stories. Every year, Nal'ibali joins in these celebrations to encourage all South Africans to exercise their right to read and share stories in a language that they choose.

### 5 redes om gereeld vir jou kinders hardop te lees

1. **Om vir jou kinders hardop te lees, gee julle iets om oor te gesels.** Dit versterk die band tussen jou en jou kinders wanneer julle met mekaar gesels.
2. **Kinders boots grootmense na.** Wanneer kinders sien hoe hul ouers en versorgers stories lees en vertel, help dit hulle om te verstaan dat lees 'n belangrike, nuttige en genotvolle aktiwiteit is wat die moeite werd is en wat hulle kan leer om self te doen.
3. **Dit is makliker vir hulle om te leer lees.** Wanneer jy vir jou kinders hardop lees, wys dit vir hulle hoe om te lees en hoe boeke werk.
4. **Jou kinders kan stories geniet wat hulle nog nie self kan lees nie,** want kinders ken en verstaan woorde en taal voordat hulle leer lees.
5. **Hulle kan nuwe woorde leer.** Wanneer jy vir jou kinders lees, hoor hulle nuwe woorde en uitdrukkings in stories. Dit help hulle om 'n groot woordeskat te ontwikkel wat hulle kan gebruik wanneer hulle self lees en skryf.

### 5 reasons to regularly read aloud to your children

1. **Reading aloud to your children gives you things to talk about.** Talking to each other strengthens the bond between you and your children.
2. **Children copy what adults do.** Seeing their parents and caregivers reading and telling stories helps children understand that reading is an important, worthwhile and enjoyable activity that they could learn and do for themselves.
3. **It is easier for them to learn to read.** When you read aloud to your children, it shows them how to read and how books work.
4. **Your children can enjoy stories that they cannot yet read on their own** because children know and understand words and language before they learn to read.
5. **They can learn new words.** When you read to your children, they hear new words and expressions in stories. This helps them to develop a large vocabulary that they can use when they read and write on their own.



### 4 stappe om 'n familie van lesers te word

Een van die beste beleggings wat ons kan maak, is om na ons kinders te luister, met hulle te praat en dinge saam met hulle te doen. Dit gebeur vanself wanneer families saam stories vertel en lees.

1. **Lees in hul moedertaal.**
2. **Lees dit waarvan hulle hou.**
3. **Lees saam gedrukte boeke.**
4. **Lees saam.**

### 4 steps to becoming a reading family

One of the best investments we can make is listening and talking to our children and doing things with them. This happens naturally when families tell and read stories together.

1. **Read in their mother tongue.**
2. **Read what they love.**
3. **Read printed books.**
4. **Read together.**



### Maak jou belofte:

Onderneem so om op 1 Februarie 2023 die storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees te lees.

- ★ Gaan na [www.nalibali.org/wrad-2023](http://www.nalibali.org/wrad-2023) om jou gesin, leesklub of skool in te skryf.
- ★ Whatsapp "WRAD" aan 0600 44 22 54 en volg die instruksies om in te skryf.
- ★ Laai die storie in enige van Suid-Afrika se 11 amptelike tale af.
- ★ Oefen voor die groot dag om die storie hardop te lees!
- ★ Moedig om jou familie en vriende aan te onderneem om dit te doen.



### Make your pledge:

Here's how to pledge to read the World Read Aloud Day story on 1 February 2023.

- ★ Visit [www.nalibali.org/wrad-2023](http://www.nalibali.org/wrad-2023) to sign up your family, reading club or school.
- ★ WhatsApp "WRAD" to 0600 44 22 54 and follow the directions to enter.
- ★ Download the story in any of South Africa's 11 languages.
- ★ Practice reading the story aloud before the big day!
- ★ Encourage your family and friends to pledge as well.



Drive your  
imagination




IT STARTS WITH  
A STORY.  
DIT BEGIN MET  
'N STORIE.

# Die belangrikheid van moedertale



Dit kan jare neem om 'n mens se moedertaal behoorlik onder die knie te kry, en wanneer kinders van babadae af hoor hoe jy in jou moedertaal stories lees en oor verskillende onderwerpe praat, **help dit hulle om van dinge te leer en ook te leer hoe die wêreld werk.** Dit gee hulle ook 'n stewige grondslag om op skool sukses te behaal.

In Suid-Afrika praat baie gesinne meer as een taal by die huis. Dit is 'n wonderlike voordeel vir die kinders! Al die gesinslede, wat kinders van alle ouderdomme insluit, **kan die idees, kennis en begrip wat hulle in een taal leer na 'n ander taal oordra.**



**Kinders kan meer as een taal op dieselfde tyd leer!** Mamma se moedertaal is byvoorbeeld dalk isiXhosa, en Pappa se moedertaal is dalk Sesotho. Mamma en Pappa praat elkeen in hul eie moedertaal met hul baba. Die baba sal isiXhosa en Sesotho leer. As verskillende gesinslede dus verskillende moedertale het, is dit 'n goeie idee om boeke en stories in verskillende tale met die kinders te deel. Die belangrike ding is om seker te maak jou kinders verstaan jou en geniet die tyd wat julle saam deurbring.

# The importance of mother tongues



It can take many years to learn one's mother tongue well, and when children hear you reading stories and talking about different topics in your mother tongue from when they are babies, **it helps them to learn about things and how the world works.** It also gives them a firm start for successful learning at school.

In South Africa, many families speak more than one language at home. This is a wonderful advantage for the children! All family members, including children of all ages, **can transfer the ideas, knowledge and understanding that they learn in one language to another language.**



**Children are able to learn more than one language at the same time!** For example, Mom's mother tongue could be isiXhosa, and Dad's mother tongue could be Sesotho. Mom and Dad each speak their own language to their baby. The baby will grow up learning isiXhosa and Sesotho. So, if different family members have different mother tongues, it is good to share books and stories with the children in different languages. The important thing is to make sure that your children understand you and enjoy the time that you spend together.

## Wat moet jy doen as jou kinders 'n addisionele taal by die skool begin leer?

## What if your children start learning an additional language at school?



**1.** Hou aan om in jou kinders se moedertaal vir hulle te lees en daarin met hulle te praat. So kan hulle van kompleksere idees leer in 'n taal wat hulle reeds goed verstaan. Jou kinders kan byvoorbeeld reeds die woord "vriendskap" in hul moedertaal verstaan. Wanneer hulle die woord vir "vriendskap" in die nuwe taal leer, dra hulle hul begrip van die dieper betekenis van "vriendskap" na die nuwe taal oor.


Keep reading and talking to your children in their mother tongue. In this way they can learn about more complex ideas in a language that they already understand well. For example, your children may already understand "friendship" in their mother tongue. When they learn the word for "friendship" in the new language, they transfer their understanding of the deep meaning of "friendship" to the new language.



**2.** Lees saam met jou kinders prenteboeke in die nuwe taal wat hulle by die skool leer. Die prente sal hulle help om die taal makliker aan te leer.



Read picture books with your children in the new language that they are learning at school. The pictures will help them to learn the language more easily.



**3.** Hier's die goue reël: begin van babadae af met hulle in jou moedertaal/-tale praat en lees. Hou aan om dit tydens hulle kinderjare te doen en wanneer hulle by die skool ander tale begin leer, kan jy ook begin om in hierdie tale vir hulle te lees!

Here's the golden rule: start talking and reading to them in your mother tongue(s) when they are babies. Keep doing this throughout their childhood and, as they learn other languages at school, start reading to them in these languages too!



Drive your imagination

# Word deel van die aksie!

Lees op 1 Februarie 2023 ons storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees, Elke dag is 'n storie, op bladsye 5, 6, 11 en 12 van hierdie bylae, vir:

- jou eie kinders, kleinkinders, broers- en susterskinders
- kinders in jou klas of by jou skool
- groepe kinders by byeenkomste wat spesiaal by jou leesklub, biblioteek of gemeenskapsentrum gereël is

## Get in on the action!

On 1 February 2023, read our World Read Aloud Day story, Every day's a story, on pages 5, 6, 11 and 12 of this supplement, to:

- your own children, grandchildren, nieces and nephews
- children in your class or at your school
- groups of children at specially arranged events at your reading club, library or community centre

Every day's a story,

## Nog dinge om op Wêrelddag vir Hardop Lees te doen

- 1 Doen een of meer van die aktiwiteite in *Raak doenig met stories!* op die agterblad van die boekie, *Elke dag is 'n storie*.
- 2 **By die huis:** Hou 'n Aand vir Hardop Lees saam met jou familie en vriende. Lees julle gunstelingstories hardop vir mekaar en vertel mekaar hoekom julle so baie daarvan hou.
- 3 **By jou skool:** Skep 'n Ruimte vir Hardop Lees met 'n verskeidenheid boeke vir verskillende ouderdomme. Reël met vrywilligers om gedurende Wêrelddag vir Hardop Lees die hele dag lank in hierdie ruimte vir groepe kinders hardop te lees.
- 4 **In die gemeenskap:** Reël 'n geleentheid waar stories gedeel kan word by jou biblioteek of enige plek in jou gemeenskap. Nooi grootmense en kinders om te kom en die hele dag lank stories te deel.
- 5 **By die werk:** Vra jou kollegas om boeke te bring wat aan 'n plaaslike skool of leesklub geskenk kan word. Moedig personeellede aan om tydens hul etensuur hardop te lees.

## More things to do on World Read Aloud Day

- 1 Do one or more of the *Get story active!* activities on the back cover of the *Every day's a story* booklet.
- 2 **At home:** Have a Read Aloud Evening with your family and friends. Read your favourite stories aloud to each other and share why you enjoy them so much.
- 3 **At your school:** Create a Read Aloud Space with a variety of books for different ages. Arrange for volunteers to read aloud to groups of children in this special space throughout World Read Aloud Day.
- 4 **In the community:** Arrange a story-sharing event at your library or any community space. Invite adults and children to come along and share stories throughout the day.
- 5 **At work:** Ask your colleagues to donate books that can be given to a local school or reading club. Encourage staff members to spend some time reading aloud during a lunch break.

## Hoe om ons stories op verskillende maniere te gebruik

1. **Vertel die storie vir jou kind.** Lees en oefen om die storie te vertel. Gebruik dan jou stem, gesig en liggaam om die storie te laat lewe.
2. **Lees die storie vir jou kind.** Gesels oor die prente. Vra: "Wat dink jy gebeur volgende?" of "Hoekom dink jy het die karakter dit gesê of gedoen?"
3. **Lees die storie saam met jou kind.** Maak beurte om die storie saam te lees. Moenie hul foute regmaak nie, en help net as hulle jou vra om te help.
4. **Luister hoe jou kind lees.** Luister sonder om hulle te onderbreek. Sê dat dit vir jou lekker is om te luister wanneer hulle hardop vir jou lees.
5. **Doen die aktiwiteite in *Raak doenig met stories!*** Dit behoort vir jou en jou kind pret te wees.

## How to use our stories in different ways

1. **Tell the story to your child.** Read and practise telling the story. Then use your voice, face and body to bring the story to life.
2. **Read the story to your child.** Talk about the pictures. Ask, "What do you think happens next?" or "Why do you think the character said or did that?"
3. **Read the story with your child.** Take turns to read the story together. Don't correct their mistakes, and only help if they ask for it.
4. **Listen to your child read.** Listen without interrupting. Say that you enjoy hearing them read aloud to you.
5. **Do the *Get story active!* activities.** This should be fun for you and your child.



Drive your imagination

# Vir versorgers van jong kinders For caregivers of young children

Hallo weer, ons is Nolwazi, van Wordworks, en Thandi, 'n versorger.

Hi again, it's Nolwazi, from Wordworks, and Thandi, a caregiver.

## I Deel boeke met jou kinders Share books with your children

Haai, Thandi! Ja, ek het verlede week vir Khanyi by die biblioteek ingeskryf. Daar is soveel oulike boeke vir alle ouderdomme, en dis gratis! Die biblioteekpersoneel kan jou help om boeke te vind wat jy kan uitneem. Hulle kan jou ook sê of daar by die biblioteek 'n gereelde storietyd vir kinders of ander aktiwiteite vir jou en jou kinders is.

Hi, Thandi! Yes, I registered Khanyi at the library last week. There are many wonderful books for all ages, for free! The librarians can help you find books to borrow. They can also tell you if there is a regular story time for children or other activities for you and your children at the library.



Enige boek wat jou kind help om in die gewoonte te kom om elke dag te lees, is goed vir hom of haar.


Any book that helps a child to make a habit of reading every day is good for him or her.

Haai, Nolwazi! Dit lyk asof jy by die biblioteek was. Ek het nie geweet hulle het boeke vir jonger kinders nie.

Hi Nolwazi! It looks like you've been to the library. I didn't know they had books for younger children.



## 2 Wys gedrukte woorde vir jou kinders Point out printed words to your children



Kinders hoef nie te wag om skool toe te gaan voordat hulle kan begin lees nie! Wanneer kinders leer dat gedrukte woorde vir ons iets sê, begin hulle belangstel in wat dit sê. Daar is talle maniere waarop jou kinders oor gedrukte woorde kan leer. Hier is 'n paar:

Children don't have to wait until they go to school before they can start being readers! When children learn that printed words tell us something, they become interested in what it says. There are many ways in which your children can learn about printed words. Here are some:

Moedig jou kind aan om te kyk na die logo en prente op **advertensies** en **kosverpakking**. Help jou kind om te raai wat die woorde sê. Dit is belangrike stappe om 'n leser te word.

Encourage your child to look at the logo and pictures on **advertisements** and **food packaging**. Help your child to guess what the words say. These are important steps to becoming a reader.



Moedig kinders aan om te soek na letters in die wêreld om hulle – veral die **eerste letter van hulle naam** of die name van gesinslede.

Encourage children to look for letters all around them – especially the **first letter in their names** or the names of family members.



Help hulle om die **name van winkels** en **padtekens** op te merk sodat woorde en syfers deel van hulle wêreld word!

Help them to notice the **names of shops** and **street signs** so that words and numbers become part of their world!



**Laai die gratis Wordworks-app van die Play Store af vir vele meer!**  
Download the free Wordworks App from the Play Store for so much more!

Building Literacy at home with

**Wordworks**



### Bou jou eie biblioteek. Maak **TWEE** knip-uit-en-bêreboekies

- Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
- Die vel met bladsye 5, 6, 11 en 12 daarop maak een boek. Die vel met bladsye 7, 8, 9 en 10 daarop maak die ander boek.
- Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hier onder om elke boek te maak.
  - Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
  - Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
  - Knip op die rooi stippellyn.



### Grow your own library. Create **TWO** cut-out-and-keep books

- Take out pages 5 to 12 of this supplement.
- The sheet with pages 5, 6, 11 and 12 on it makes up one book. The sheet with pages 7, 8, 9 and 10 on it makes up the other book.
- Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
  - Fold the sheet in half along the black dotted line.
  - Fold it in half again along the green dotted line.
  - Cut along the red dotted lines.



Drive your  
imagination

Bella doesn't say anything. She is looking at a book that she found in the reading corner in the sitting room.


"What's your book about, Bella?" asks Neo.

"I can't read the words, but the pictures show a very rich man," says Bella.

Bella sê glad niks. Sy blaai deur 'n boek wat sy in die leeshoekie in die sitkamer gevind het.

"Waaroor gaan jou boek, Bella?" vra Neo.

"Ek kan nie die woorde lees nie, maar die prente is van 'n baie ryk man," sê Bella.



Gogo, Neo and Bella are spending the holidays with Afrika and his family. Each day the friends do something exciting that they can't wait to tell their friends and family at home about. But then load shedding strikes! What can Afrika, Neo and Bella do to keep their holiday story alive?

Gogo, Neo en Bella kuier die vakansie saam met Afrika en sy familie. Die maats doen elke dag iets opwindends en hulle kan nie wag om hul vriende en familie by die huis daarvan te vertel nie. Maar dan tref beurtkrag hulle! Wat kan Afrika, Neo en Bella doen om hul vakansiestorie lewendig te hou?

### Get story active!

- ★ Draw a picture of your favourite part of the story.
- ★ Why don't you try acting out this story or a part of it with a group of your friends and family? You could show how you would collect eggs, ride on a tractor and pick medlies. Use actions, words and voices to make it fun!
- ★ Write down a recipe for your favourite food. Draw a picture of the food. Why is this your favourite food?
- ★ Make a crown with cardboard, glue, beads and pieces of material and dry pasta pieces.

### Raak doenig met stories!

- ★ Teken 'n prent van jou gunstelingdeel van die storie.
- ★ Voer gerus hierdie storie of 'n deel daarvan saam met 'n groep vriende of familie op. Julle kan wys hoe julle eiers uithaal, op 'n trekker ry of mielies pluk. Gebruik aksies, woorde en stemme om dit pret te maak!
- ★ Skryf 'n resept vir jou gunstelingkos neer. Teken 'n prent van die kos. Hoekom is dit jou gunstelingkos?
- ★ Maak 'n kroon van karton, gom, krale, afvallappies en stukkies droë pasta.

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlamvat en vaslê. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)



Drive your  
imagination


"I'm so bored," says Neo.

"There's nothing for us to do," Afrika says.

"Ek's so verveeld," sê Neo.

"Daar's vir ons niks om te doen nie," sê Afrika.

## Every day's a story!



## 'n Storie vir elke dag

Tumisang Shongwe • Rico Schacherl

**Ideas to talk about:** What do you think is happening in the picture on the cover of the booklet? What did you do or see today that you would like to tell your family about?

**Idees om oor te praat:** Wat dink jy gebeur in die prent op die omslag van die boekie? Wat het jy vandag gedoen of gesien waarvan jy jou gesin wil vertel?

World Read Aloud Day 2023 • Wêrelddag vir Hardop Lees 2023



Gogo scratches in her handbag and pulls out the book she found at the library. Gogo always has a book in her bag! She goes outside to sit on the bench on the stoep. She can see Afrika, Neo and Bella sitting under the big tree in the garden.

Gogo krap in haar handsak rond en haal die boek uit wat sy by die biblioteek uitgeneem het. Gogo het altyd 'n boek in haar handsak! Sy gaan sit buite op die stoepbank. Sy kan vir Afrika, Neo en Bella onder die groot boom in die tuin sien sit.

Neo, Mbali and Gogo are visiting Afrika's house for the holiday. Bella has come along too.

On Monday they spend the whole day on Afrika's uncle's farm. They collect eggs, pick mealies and ride on the tractor.



Neo, Mbali en Gogo kuier vir die vakansie by Afrika se huis. Bella het ook saamgekom.

Maandag is hulle die hele dag op Afrika se oom se plaas. Hulle haal eiers uit, ry op die trekker en pluk mielies.

"I have an idea!" says Afrika. "I can read the book to you and then we can all act out the story!"

"That's a great idea!" says Neo.

Bella gives the book to Afrika.

"This one is about Mansa Musa," says Afrika. Then he reads the story about Mansa Musa, the rich emperor of Mali who gave away lots of gold. Afrika widens his eyes and waves his hands around as he reads the story, making Neo and Bella laugh.

"Ek het 'n idee!" sê Afrika. "Ek kan die boek vir julle lees en dan kan ons almal saam die storie opvoer!"

"Dis 'n blink plan!" sê Neo.

Bella gee die boek vir Afrika.

"Dit gaan oor Mansa Musa," sê Afrika. Dan lees hy die storie van Mansa Musa, die ryk keiser van Mali wat hope goud weggegee het. Afrika se oë rek en hy bedude met sy hande terwyl hy die storie lees, wat vir Neo en Bella laat lag.

Mme wa Afrika hoor die kinders lag. Sy kyk by die slaapkamervenster uit en sien hoe hulle die storie opvoer. Sy geniet dit om na die opvoering te kyk.

"Dit was pret! Ons moet dit môre weer doen, met 'n ander storie!" sê Neo.

"Ek wil ook!" roep Mme wa Afrika opgewonde.

"En ek!" roep Gogo van die stoep af. "Dis lekkerder om 'n storie op te voer as om op televisie daarna te kyk!"

Die res van die vakansie geniet die hele familie elke middag storietyd. En elke storie is 'n avontuur!




“Ek sal die hoender met my mond  
proe,” besluit sy.  
Die houtlepel lag, want sy is jonk en die  
lepel is oud. Dit is ouer as die messegoed  
in die huis, ouer as Kasini se ouer broer.  
So oud dat hy al die wonderlike resepte  
uit sy kop ken.  
Kasini roer nog sout, peper en  
kerriepeoeter by die sop. Dis nie reg nie en  
sy weet dit, maar sy is ’n koppige kok.

“I will use my mouth to taste the  
chicken,” she decides.  
The stick laughs because she is young and  
it is old. It is older than the cutlery in the  
house, older than Kasini’s older brother.  
So old that it knows all the great recipes  
by heart.  
Kasini adds more salt, pepper and curry  
powder to the soup. This is wrong  
and she knows it, but she is only being  
stubborn.



Lots more free books at [bookdash.org](http://bookdash.org)



### Get story active!

- ★ Take a few blank pages and staple or sew them together to make a book. Write down recipes of your favourite foods in the book.
- ★ Draw or cut out and paste pictures of each food underneath its recipe.
- ★ Use clay or playdough to make models of pots, pans, spoons and forks.

### Raak doenig met stories!

- ★ Kram of ryg ’n paar skoon velle papier met gare aan mekaar vas om ’n boek te maak. Skryf resepte vir jou gunstelingkos in die boek neer.
- ★ Teken prente van kos onder elke resep of knip prente van elke kossoort uit en plak dit onder die resepte.
- ★ Maak potte, panne, lepels en vurke uit klei of speeldeeg.

Nal’ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)



Nal’ibali is ’n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil ’n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlamvat en vaslê. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)



Drive your  
imagination

## Miss Tiny Chef



## Klein Juffrou Kok

Linda Nabasa • Ruramai Musekiwa  
• Raymond Diby

**Ideas to talk about:** Why is Miss Tiny Chef holding a spoon? Why do you think this spoon has a face? Do you help to cook at home? Who does the cooking in your home?

**Idees om oor te praat:** Hoekom hou Klein Juffrou Kok ’n lepel vas? Hoekom dink jy het hierdie lepel ’n gesig? Help jy by die huis om kos te maak? Wie maak die kos in jou huis?

“KOM WEER AAN DIE WERK,” raas die houtlepel.  
“Kosmaak is nie werk nie, dis pret,” lag Kasini.  
Die houtlepel sê vir haar as daar nog sout in die sop moet kom, as die hoender ’n bietjie meer hitte nodig het en wanneer die pap, die ugali, reg is om te eet.  
Soms luister Kasini nie na die houtlepel nie. “Ek sal die sop op my handpalm proe,” sê sy.

“GET BACK TO WORK,” the stick scolds. “Cooking is not work, it’s fun,” Kasini laughs.  
The stick tells her if the soup needs more salt, if the chicken needs more heat and when the ugali is ready to eat.  
Sometimes Kasini doesn’t listen to the stick. “I will taste the soup out of my palm,” she says.



Kasini is eight years old. She loves to cook. She reads a cookbook on the school bus every morning and before bedtime.

Kasini is agt jaar oud. Sy hou daarvan om kos te maak. Sy lees elke oggend voor skool op die bus ’n kookboek en ook saans voor slaaptyd.




“Now I can serve Mummy the food I made,” Kasini says excitedly. “The food we made,” she giggles, as she tucks the stick away.

“Nou kan ek vir Mamma van die kos gee wat ek gemaak het,” sê Kasini opgewonde. “Die kos wat ons gemaak het,” giggel sy terwyl sy die houtlepel bêre.



The stick doesn't like being  
disrespected, it changes  
colour from brown to red to  
show Kasini that it is angry.  
Die houtlepel hou nie  
daarvan as Kasini nie vir hom  
luister nie; hy verkleur van  
bruin na rooi om vir Kasini te  
wys dat hy kwaad is.



Nobody knows her  
secret, that she sleeps with a wooden  
mingling stick every night. When she  
sleeps, she dreams that she is smiling, wearing  
a chef's hat and holding her mingling stick  
high up in the air.

Niemand weet dat sy saans met 'n houtlepel  
in haar bed slaap nie. Wanneer sy slaap,  
droom sy dat sy glimlag, 'n koksmus dra en  
haar houtlepel hoog in die  
lug hou.

Sy sny die komkommers en sit 'n skyfie op elke oog. Sy **KAP** die potte hard teen mekaar terwyl sy op en af spring.



She slices the cucumber and places a slice on each eye. She **BANGS** the saucepans loudly as she jumps up and down.



Kasini loves to sing as she cooks. She sings to the carrots and dances with the flour.

Kasini hou daarvan om te sing terwyl sy kos maak. Sy sing vir die wortels en dans met die meel.

“The soup will **BURN** without the mingling stick!” moans Kasini.  
“Die sop sal **BRAND** sonder die houtlepel!” kla Kasini.



She sings for the stick, but there is no change. “**I am sorry,**” she says. The stick turns back to brown just in time, and Kasini hugs it in joy.



Sy sing vir die houtlepel, maar niks gebeur nie. “**Ek is jammer,**” sê sy. Die houtlepel word net betyds weer bruin, en Kasini is so bly dat sy hom styf teen haar vasdruk.



“Ek skat dis tyd vir Mbali en Dintle se middagsgaslapie,” sê Mme wa Afrika. Sy neem Mbali en Dintle na die slaapkamer toe en maak hulle met ’n kombers toe. Dan vertel sy vir hulle ’n storie. Sommer gou is hulle albei in droomland.

“I suppose it’s nap time for Mbali and Dintle,” says Mme wa Afrika. She takes Mbali and Dintle to the bedroom and covers them with a blanket. Then she tells them a story. Soon they are both fast asleep.

Mme wa Afrika hears the children laughing. She looks out of the bedroom window and sees them acting out the story. She watches the show with delight.

“That was fun! We should do it again tomorrow with a different story!” says Neo.

“Count me in!” Mme wa Afrika calls out excitedly.

“Me too!” Gogo shouts from the stoep. “Acting out a story is better than watching it on television!”

For the rest of the holiday the whole family enjoys story time every afternoon. And every story is an adventure!



“Such hard workers deserve a treat,” says Uncle as he roasts mealies for the children to eat.

Bella can’t wait to tell her friends at school about this day.

“Sulke harde werkers verdien om bederf te word,” sê Oom terwyl hy vir die kinders mielies braai om te eet.

Bella kan nie wag om vir haar maats by die skool van hierdie dag te vertel nie.



On Wednesday afternoon the whole family watches a television show. Just when the story reaches the most exciting part ...  
Poof! The television switches off!  
Oh no! Load shedding! What will they do now?  
Woensdagmiddag kyk die hele familie saam na 'n program op televisie. Net toe dit by die opwindendste deel van die storie kom, maak die televisie net ... *fliep!* en skakel af!  
Ag, nee! Beurtkrag! Wat gaan hulle nou doen?



On Tuesday, Neo, Afrika and Bella help Gogo bake delicious scones. Gogo gives Mbali some dough to play with. When the scones have cooled, Mme wa Afrika breaks open five scones and puts some jam on each. Everyone gets one, except Mbali and Dintle.  
“They are too young to eat scones and jam,” says Mme wa Afrika.  
“They can have some banana.”  
Neo writes down the scone recipe. “One day when Mbali and Dintle are older, I will bake scones for them,” he smiles.

Dinsdag help Neo, Afrika en Bella vir Gogo om heerlike skons te bak. Gogo gee vir Mbali 'n bietjie deeg om mee te speel. Toe die skons afgekoel het, breek Mme wa Afrika vyf skons oop en smeer konfyt op elkeen. Almal kry een, behalwe Mbali en Dintle.  
“Hulle is nog te klein om skons met konfyt te eet,” sê Mme wa Afrika.  
“Hulle kan piesang kry om te eet.”  
Neo skryf die skonresep neer. “Wanneer Mbale en Dintle ouer is, sal ek vir hulle skons bak,” glimlag hy.



“The end,” says Afrika as he closes the book. “Now let’s act out the story!”  
“I’ll be Mansa Musa!” Bella says. The children find some cardboard, glue and buttons and make a crown for Bella to wear on her head. Bella picks up stones and hands them to Neo and Afrika. “Here’s gold for you, friends. Go and buy yourselves some cows.”  
Then they all act out the story together.

“Die einde,” sê Afrika toe hy die boek toemaak. “Kom ons voer nou die storie op!”  
“Ek sal Mansa Musa wees!” sê Bella. Die kinders gaan kry karton, gom en knope en maak ‘n kroon wat Bella op haar kop kan dra.  
Bella tel klippies op en gee dit vir Neo en Afrika. “My vriende, hier is vir julle goud. Gaan koop vir julle ‘n paar koeie.”  
Toe voer hulle almal saam die storie op.



# Lees vir my in die taal van my hart

21 Februarie is  
Wêreldmoedertaaldag



# Read to me in the language of my heart

21 February is World  
Mother Language Day

Kontak ons op een van die volgende maniere:  
Contact us in any of these ways:

 [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)

 [nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA)

 [@nalibaliSA](https://twitter.com/nalibaliSA)

 [@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA)





# Die kat en die kakkerlak



Deur Yolanda Banze ■ Illustrasies deur Chantelle en Burgen Thorne

'n Lawwe klein bruin kakkerlak het eenmaal 'n huis met 'n gesin en hul kat gedeel.

Die lawwe klein bruin kakkerlak hou daarvan om te eet, nes die res van sy kakkerlakgesin. Kakkerlakte hoef nie elke dag te eet nie, maar in hierdie huis word die lekkerste oorskietkossies vir die kat uitgesit – kossies wat die lawwe klein bruin kakkerlak nie kan miskyk nie! Sy lang voelers wikkell heeltyd heen en weer terwyl hulle die heerlikste geure ruik wat uit die kombuis – waar die kat ook eet – aangesweef kom.

“Moenie elke aand kombuis toe gaan nie. Hulle sal jou sien en jou doodmaak!” waarsku die lawwe bruin kakkerlak se gesin. Maar hy geniet sy lewe en luister nie na hul waarskuwings nie. Hy geniet dit om die lippelekker kos uit die kat se bak te eet.

Die kat los graag iets in haar bak waaraan sy laatnag kan peusel, maar tot haar verbasing is haar bak leeg wanneer sy daar kom. “Dis baie vreemd,” dink die kat. “Dit kan net 'n muis wees wat elke aand my peuselhappie wat ek vir laatnag bēre, opeet.” Sy begin oral in die huis na 'n muis soek.



Terwyl die kat elke aand na die muis soek wat haar kos steel, kraai die lawwe klein bruin kakkerlak van die lag. “Die kat dink sy is so slim,” gaggel die lawwe klein bruin kakkerlak terwyl hy wag dat die kat moed opgee met haar soektog.

Een aand sien die lawwe klein bruin kakkerlak dat die kat weer 'n bietjie van haar kos en melk gelos het vir later, en sy maag begin grom. Sy voelers wikkell heen en weer terwyl hy wag vir die kat om te gaan slaap. Hy kyk terwyl die maan stadig verby die venster skuif.

“Opskud, opskud, gaan slaap nou! Ek is so honger,” kerm die lawwe klein bruin kakkerlak totdat die kat uiteindelik aan die slaap raak.

Intussen is die kat baie hartseer omdat sy nie die muis kan vang wat haar kos steel nie. Om alles te kroon kan sy nie eens die muis ruik nie. “Wat sal gebeur as die gesin uitvind daar's 'n muis? Hulle sal dink ek is te oud om 'n muis te jaag of selfs uit te snuffel! Dalk begin hulle dink hulle moet 'n nuwe en jonger kat kry,” dink sy hartseer.

Laat een aand sluip die lawwe klein bruin kakkerlak weer in die kombuis in. “Katte is regtig nie baie slim nie,” dink hy terwyl hy aan die oorskietkossies in die kat se bak knibbel.

Maar skielik gaan die kombuislig aan, gevolg deur 'n skrikwekkende, deurdringende gil! Die gil is so hard en so deurdringend dat die lawwe klein bruin kakkerlak heeltemal deurmekaar raak en nie weet watter kant toe om te hardloop nie.

Dis die vrou van die huis wat so gil. Sy gil en gil terwyl sy in die kombuis rondhardloop en spring en elke keer net-net die skarrelende lawwe bruin klein kakkerlak mis trap.

Met die verskriklike lawaai kom die kat om die hoek gehardloop om te help. Dit gee die vrou kans om 'n rooi spuitkannetjie te gryp. Die lawwe klein bruin kakkerlak skiet soos 'n pyl uit 'n boog weg van die kat af. Hy is bly dat dit lyk of die vrou die aftog geblaas het, maar hy besef nie in watter gevaar hy is nie.

Die vrou mik en spuit, die kat nies en die lawwe klein bruin kakkerlak begin lomerig en duiselig voel.



“O, nee, my kop gaan bars van hierdie lawaai,” dink die lawwe klein bruin kakkerlak, “en my kop draai so dat ek nie goed kan sien nie. Hoekom het ek tog die kat se kos gesteel? Hoekom het ek tog nie na my gesin geluister nie?” mompel hy voor hy flou word.

Die vrou gryp die besem en vee die lawwe klein bruin kakkerlak op terwyl die kat sit en kyk.

“Jy sit jou voete nie weer hier nie, lawwe klein bruin kakkerlak! Ek hou jou dop en ek wag vir jou,” sê die kat, terwyl die vrou die lawwe klein bruin kakkerlak by die agter deur in die donker uitgooi.

En dis hoekom die lawwe klein bruin kakkerlak tot vandag toe nog buite bly, ver van katte en spuitkannetjies en vroue wat hard gil. Maar soms oorweldig die heerlike reuke hom, en dan skarrel die lawwe klein bruin kakkerlak in die middel van die diep, donker nag by 'n huis in om 'n feesmaal te geniet.

## Raak doenig met stories!

- ★ Hoe sal jy voel as jy 'n kakkerlak in jou huis sien? Teken 'n prent van jouself wanneer jy 'n kakkerlak sien.
- ★ Stel jou voor dat die kakkerlak die kat om verskoning wil vra omdat hy haar kos gesteel het. Skryf die brief wat die kakkerlak vir die kat stuur.

- ★ Maak of jy die vrou is wat in die huis woon. Wys hoe sy rondhardloop en spring wanneer sy die kakkerlak sien.
- ★ Maak die kat en die kakkerlak uit speeldeeg.



Drive your  
imagination



# The cat and the cockroach

By Yolanda Banze ■ Illustrations by Chantelle and Burgen Thorne



A silly little brown cockroach once shared a house with a family and their cat.

The silly little brown cockroach, like his whole cockroach family, loved eating. Cockroaches don't have to eat every day, but in this house the yummiest bits and scraps were set out for the cat – bits and scraps the silly little brown cockroach could not overlook! His pair of long feelers were constantly twitching as they picked up the most delicious smells that drifted from the kitchen where the cat also ate.

"Do not go to the kitchen every night. You'll be seen and killed!" warned the silly little brown cockroach's family. But he was leading a very happy life and did not listen to their warnings. He enjoyed having plenty of lip-smacking food from the cat's bowl.

The cat liked to leave a midnight snack for herself every night, but surprisingly, when she got to her bowl, she would find it empty. "This is very strange," thought the cat. "It can only be a mouse that is eating my midnight snack each night." So she searched all over the house for a mouse.



As the cat searched for the thieving mouse each night, the silly little brown cockroach shook with laughter. "The cat thinks she is so clever," the silly little brown cockroach giggled as he waited for the cat to give up on the search.

One night, the silly little brown cockroach noticed that the cat had once again left some of her food and milk for later, and his tummy started to growl. His feelers flicked this way and that, while he waited for the cat to go to sleep. He watched as the moon slowly crawled past the window.

"Oh, hurry up and go to sleep! I am so hungry," complained the silly little brown cockroach until the cat finally fell asleep.

In the meantime, the cat grew very sad because she could not find the thieving mouse. In fact, she could not even smell the mouse. "What if the family finds out about the mouse? They will think that I have become too old to chase or even smell a mouse! They might start thinking of getting a new and younger cat," she thought sadly.

Late one night, the silly little brown cockroach snuck into the kitchen once more. "Cats are really not very clever," he thought as he nibbled on some of the leftover food in the cat's bowl.

But suddenly the kitchen light flicked on, followed by the most frightful, long, piercing scream! The scream was so loud and so piercing that it confused the silly little brown cockroach so much that he didn't know which way to run.

The scream came from the woman who lived in the house. She kept screaming as she ran all over the kitchen with a hop, skip and a jump, just missing the scurrying silly little brown cockroach every time.

All this frightful noise brought the cat running around the corner to join the chase. This gave the woman the chance to grab a red spray can. The silly little brown cockroach darted away from the cat, glad the woman seemed to have given up, but not realising the danger he was in.

The woman aimed and sprayed, the cat sneezed, and the silly little brown cockroach started to feel woozy and dizzy.



"Oh, this noise is going to crack my skull," thought the silly little brown cockroach, "and I can't see clearly with my head spinning so much. Why, oh why, did I steal the cat's food? Why, oh why, did I not listen to my family?" he mumbled before he fainted.

The woman grabbed the broom and swept the silly little brown cockroach up as the cat looked on.

"Silly little brown cockroach, don't you come back here! I will be waiting and watching," said the cat as the woman threw the silly little brown cockroach out the back door into the night.

And that is why, to this day, the silly little brown cockroach stays outside, away from cats and spray cans and women with piercing screams. But sometimes the yummy smells become too much for him, and then the silly little brown cockroach will scurry into a house for a small feast in the middle of the dark, dark night.

## Get story active!

- ★ How would you feel if you saw a cockroach in your house? Draw a picture of yourself when you see a cockroach.
- ★ Imagine that the cockroach wants to apologise to the cat for stealing her food. Write the letter the cockroach sends to the cat.

- ★ Pretend that you are the lady of the house. Show how she hopped and skipped when she saw the cockroach.
- ★ Use some clay or playdough to make models of the cat and the cockroach.

# Nal'ibali-pret

## Nal'ibali fun



1.

### Maak 'n kenteken

1. Sny op die **rooi** stippellyn om die kenteken uit te knip.
2. Kleur die prent in.
3. Sny 'n sirkel wat net so groot soos die kenteken is uit dun karton – gebruik byvoorbeeld 'n graankosboks.
4. Gebruik gom om die kenteken op die karton vas te plak.
5. Gebruik kleefband of maskeerband om 'n haakspeld aan die agterkant van die kenteken vas te plak. Of maak 'n gaatjie aan die bokant en ryg 'n stukkie wol of tou daardeur sodat jy dit om jou nek kan hang.
6. Geniet dit om jou kenteken te dra terwyl julle stories lees en daarna luister op Wêrelddag vir Hardop Lees.

### Make a badge

1. Cut along the **red** dotted line to cut out the badge.
2. Colour in the picture.
3. Cut a circle the same size as the badge from some thin cardboard, for example, a cereal box.
4. Use glue to paste the badge onto the cardboard.
5. Use sticky tape or masking tape to attach a safety pin to the back of the badge. Or make a hole at the top and thread some wool or string through it so that you can hang it around your neck.
6. Enjoy wearing your badge as you read and listen to stories on World Read Aloud Day.



2.

### Maak 'n banier!

Maak 'n tweetalige banier (of plakkaat) vir **Wêrelddag vir Hardop Lees** om by jou huis, skool, biblioteek of leesklub uit te stal. Knip die woorde en prente hier onder uit wat jy op jou banier wil gebruik en plak dit op 'n lang vel skoon papier vas. Skryf en teken dan self iets by en/of knip prente en woorde uit tydskrifte en koerante uit om jou banier te voltooi.

### Make a banner!

Make a bilingual **World Read Aloud Day** banner (or poster) to display at your home, school, library or reading club. Cut out the words and pictures below that you would like to use on your banner, and glue them to a long sheet of blank paper. Then add your own writing and drawings, and/or cut out pictures and words from magazines and newspapers to complete your banner.

**Ek hou van lees!**

**genotvol**

**PRET**

**Lees voer jou weg!**

**inspirerend**

**ontspannend**

**Gesinstyd!**

**opwindend**

**I love reading!**

**enjoyable**

**FUN**

**Reading takes you places!**

**inspiring**

**relaxing**

**Family time!**

**exciting**

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. **Kontak ons** op een van die volgende maniere:  
 Nal'ibali is here to motivate and support you. **Contact us** in any of these ways:

[www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)
[nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA)
[@nalibaliSA](https://twitter.com/nalibaliSA)
[@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA)

Produced by The Nal'ibali Trust. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

UMLAZI  
**EYETHU**

EASTERN CAPE  
**RISING SUN**

POLOKWANE  
**OBSERVER**



Drive your  
imagination

